

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED VAN SUIDWES-AFRIKA APPELLANT

en

CLIFFORD HARRIS (SOUTH WEST) (PTY) LTD RESPONDENT

CORAM : VILJOEN, HOEXTER, SMALBERGER, STEYN,
ARR et KUMLEBEN, WAR

VERHOORSDATUM : 1 MAART 1988

LEWERINGSDATUM : 1 JUNIE 1988

UITSpraak

VILJOEN, AR/.....

VILJOEN, AR

Die respondent (na wie ek sal verwys as die eiser) het kontraktueel onderneem om vir die appellant (na wie ek sal verwys as die verweerder) 'n teerpad te bou tussen Mariental en Maltahöhe, Suidwes-Afrika, 'n afstand van ongeveer 110 km, waar daar voorheen 'n grondpad bestaan het. Hierdie pad sluit weerskante aan by 'n brug oor die Visrivier. Ten aansien van die uitvoering van hierdie kontrak het heelwat geskille tussen die partye ontstaan waaroor daar voor aparte Regters in SWA geprosedeer is. Die geskil wat deur die Hof a quo besleg is en wat nou in hierdie Hof 'n nasleep het, was of die eiser "rotsberskermingswerk" ooreenkomstig die spesifikasies wat deel van die kontrak tussen die partye was, aan die syhellings van,.....

van die pad gedoen het wat hom geregtig maak op betaling teen die tarief wat vir sodanige werk in die hoeveelheidslyste, 'n ander deel van die kontrak, bepaal is, dan wel of dit wat gedoen is werk van 'n ander aard was wat teen 'n mindere tarief vergoedbaar was. Vir die werk wat wel gedoen is, is 'n bedrag van R22 047,66, op 'n grondslag wat ek later meer volledig op terugkom, betaal. Die Hof a quo het egter die eiser gelyk gegee dat hy "rotsbeskermingswerk" soos bedoel in die spesifikasies verrig het en het ten gunste van die eiser gelas dat die verweerder se ingenieurs 'n sertifikaat moet uitreik vir die bedrag van R800 641,74 (d w s 'n bedrag van R822 689,40 teen die tarief waarteen eiser vir die werk geëis het minus die bedrag van R22 047,66 wat vir die werk ooreenkomstig 'n ander tarief/.....

tarief betaal is.) Die eiser het ook 'n bedrag ten aansien van eskalاسie van koste geëis. Hierdie eis is egter deur die Verhoorregter verwerp. Verlof is deur die Hof a quo aan die verweerder verleen om na hierdie Hof te appelleer teen die bevel wat teen hom uitgereik is en aan die eiser is verlof verleen om teen die eskalاسie-beslissing te appelleer. Voor die aanhoor van hierdie appèl is hierdie Hof egter in kennis gestel dat die eiser nie voortgaan met laasgenoemde appèl nie.

Die kontrak tussen die partye wat op 9 Februarie 1978 op Windhoek gesluit is en bekend staan as kontrak 320/1977, het uit 'n aantal dokumente bestaan naamlik die algemene kontrakvoorwaardes (waarna in stukke en in die getuienis verwys is as AKV), die spesifikاسies, die spesiale kontrakvoorwaardes (SK), hoeveelheidslyste, die

tender-vorm/....

tender-vorm en tekeninge en sekere ander dokumente. Wat van belang is in die huidige saak, is egter net die AKV, die SK, die spesifikasies en die hoeveelheidslyste.

Die eiser beweer dat hy al sy verpligtinge

ingevolge die kontrak nagekom het wat insluit rotsbesker-

mingswerk wat hy in opdrag van die verweerder se ingenieur

gedoen het en dat hy geregtig is op die betaling soos geëis.

Hy steun in sy pleitstukke op die volgende bepalings in

die kontrak:

(a) Spesifikasie 11.3.12.1 bepaal:

"Die Ingenieur mag ook die Kontrakteur gelas om opvullings en/of deurgrawings-hellings teen erosie te beskerm deur middel van klipbestrating, rotsbeskerming of massa klipwerk soos in Afdeling 20 (Klipwerk en Erosiebestryding) van die Spesifikasies beskryf of hy mag die Kontrakteur opdrag gee om goedgekeurde bogrond teen sodanige hellings te plaas sodat die groei van gras bevorder

kan/.....

kan word. Betaling vir bogrond sal geskied volgens Klousule 7.15 van hierdie Afdeling en betaling vir klip of dergelike maat-reëls volgens die voorskrifte van Afdeling 20 (Klipwerk en Erosiebestryding)."

(b) Spesifikasie 20.3.7:

"Na konstruksie van rotsge vulde slote, mure, plaat heiw erk of sodanige ander beskerming wat benodig word vir die kante van rotsbe-skermingswerke en nadat enige vereiste fil-treerlae geplaas is, moet rots gestort word en moet dit oopgesprei word met grondver-skuiwings- of ander toerusting of op 'n ander goedgekeurde wyse sodat die minimum lugtussen-ruimtes verkry word. Plaaslike ongelykhede in die oppervlak van die bekledingswerke mag nie driehonderd millimeter (300 mm) oorskry nie."

(c) Spesifikasie 20.3.1:

"Die kritiese individuele klipmassa moet soos volg wees:

- (i) Waar die beskerming beskrywe word as 'lig':- vyf-en-twintig kilogram (25 Kg)

(ii)/.....

(ii) Waar die beskerming beskrywe word as
'swaar':- eenhonderd-en-tagtig kilo-
gram (180 Kg)"

(Met "kritiese" neem ek aan word "kritieke" bedoel)

(d) Die hoeveelheidslyste wat 'n tarief van
R64,00 per kubieke meter vir ligte ge-
storte rotsbeskerming en R69,00 per ku-
bieke meter vir swaar gestorte rotsbe-
skerming bepaal.

Die eiser beweer dat verweerder se ingenieur
gedurende of omstreeks April 1978 vir hom in geskrif
opdrag gegee het om addisionele ligte en swaar rotsbe-
skerming aan te bring tussen kettingmetings 107 + 400
en 110 + 200 ten aansien waarvan die tarief uiteengesit
in paragraaf (d) hierbo gegeld het. Die geskrif, beweer
die eiser, het bestaan uit opdragte uitgereik tydens
terreinbyeenkoms 3, item 13,9 en terreinbyeenkoms 6,
item 7.7, gelees met terrein-brief MM 101 en MM 77. Hier-
die/.....

die opdragte het hy uitgevoer, beweer die eiser, en is gevolglik geregtig op betaling teen die gemelde tarief ten aansien van 8 439 kubieke meter ligte gestorte rotsbeskerming en 4 095 kubieke meter swaar gestorte rotsbeskerming wat 'n bedrag van R822 689,40 beloop. Die ingenieur, so word verder beweer, het verkeerdelik slegs betaling ten bedrae van R22 047,66 gesertifiseer in plaas van die bedrag van R822 689,40.

Die verweerder het in sy verweerskrif verwys na sekere opdragte wat tydens terrein-vergaderings deur die verweerder se resident-ingenieur gegee is en na briefwisseling tussen die partye. Hy gaan dan voort om te pleit dat die eiser na aanleiding van die opdragte werk gelykstaande aan onverdigte opvulling of terugstoot van

klas/.....

klas B alternatiewelik Klas A en B materiaal gedoen het

en nie rotsbeskerming soos beoog deur afdeling 20.2

en 20.3 van die spesifikasies nie. Verweerder ontken

uitdruklik dat eiser enige rotsbeskerming soos gedefi-

niër in afdeling 20, 2 en 3 van die spesifikasies ge-

doen het. In besonder pleit die verweerder dat:

"(i) rots nie gestort is nie;

(ii) rots nie met grondverskuiwing of ander toerusting oopgesprei is nie op so 'n wyse dat die minimumlugtussenruimtes verkry is nie;

(iii) plaaslike ongelykhede in die oppervlak 300 mm oorskry;

(iv) die kritieke individuele klipmassa nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie;

(v) die oppervlak voor plasing van die materiaal nie netjies afgewerk is nie en hellings is nie uniform afgeskuins nie;

(vi) Die kante van die werke is nie beskerm of gestut nie."

Eiser/....

Eiser het in sy replikasie in geding getree

met die verweerder en het origins soos volg gepleit:

"In the event of the above Honourable Court finding that the work executed by the Plaintiff did not comply with Clauses 2 and 3 of section 20 of the Specification in any one or more of the respects set out in paragraphs (f) (i) to (vi) (all of which are denied) then Plaintiff states that such work deviated from the aforesaid Specification as a result of the Engineer's instructions as provided for in clauses 1 and 3 of Section 20 of the Specification, and accordingly that the work complied with the requirements of the Specification and that such work constituted rock protection work."

Die betrokke pad is in kettingreekse verdeel.

Die kettingreekse word aangedui vanaf Maltahöhe wat 0

is tot aan die einde van die pad naby Mariental (by die

Mariental-Keetmanshoop-kruising) wat aangedui word as

110 + 220. (Die syfers verwys na kilometers en meters.)

Die

Die gedeelte van die pad wat in gedrang is van Malta-höhe se kant (d w s die westekant) gesien, strek vanaf kettingreeks (in Engels "stake value" of "chainage") 107 + 400 tot by die brug by 107 + 960 en weer aan die oostekant in die rigting van Mariental vanaf die brug tussen kettingreeks 108 + 320 en 110 + 220. Die spesifikasies was in dié opsig nie volledig nie maar dit is gemene saak dat van die eiser vereis is om oor die genoemde afstande waar die opge vulde oppervlak geteer en wyer gemaak moes word die bestaande hellings van die pad af te skuins deur opvulling. Die helling van 'n opge vulde pad moet altyd teen uitkalwing en erosie deur rotsbeskermingswerk beskerm word. Dit was veral nodig, so dui die getuienis aan, waar die pad die Visrivier-brug

nader./...

nader. Waar die voorheen-bestaande opvulling versteur is of vanweë die afskuinsing addisionele opvulling aangebring is, was dit nodig om opnuut aandag te skenk aan die rotsbeskerming. Daar is wel aandag daaraan geskenk maar volgens die verweerder het die remediërende maatreëls nie neergekom op rotsbeskerming nie, terwyl die eiser beweer dat dit wel rotsbeskerming was.

Soos die pad strek van Maltanöhe in die rigting van Mariental is daar, hoewel nie heeltemal akkuraat volgens die windstreke nie, in die getuienis gepraat van die suide- en noordekant van die pad waar bedoel is die regter- en linkerkant onderskeidelik.

Die persoon wat van tyd tot tyd opdragte gegee het aan veral ingenieur Paterson, die terrein-verteenwoordiger van die eiser, was Polzin, die resident-ingenieur....

nieur van die verweerder. Aangesien daar nie voorsien is dat enige of noemenswaardige rotsbeskerming nodig sou wees nie, en rotsbeskerming nie uitvoerig in die spesifikasies aangedui is of elders, byvoorbeeld in planne, voorkom nie, het klousule 1.16.7 van die spesifikasies, wat soos volg lui, gegeld:

"'Slegs prys'-items

Waar daar in die Hoeveelheidslys geen hoeveelheid aangedui word nie maar slegs 'n prys verlang word, moet die Kontrakteur 'n tarief of prys invul wat die betaling sal wees vir enige werk wat onder so 'n item gedoen mag word. So 'n 'slegs prys'-item word gebruik waar dit be- raam word dat min of geen werk onder die item gedoen sal word nie, of waar die item beskou moet word as 'n alternatief vir 'n ander item waar 'n hoeveelheid gegee is, of vir afwykings in die aanwendingskoerse of mengverhoudings waar betaling vir sodanige afwykings gespesi- fiseer is."

Die belangrikste bepalings van die kontrak

wat/.....

wat in hierdie saak ter sprake kom, is aangehaal in die besonderhede van eis van die eiser. Na sodanige ander bepalings as wat van belang mag wees, sal ek verwys in die loop van die relaas van die geskiedenis van die uitvoering van die kontrak wat in hierdie saak in geskil is. Ek gaan dus vervolgens daartoe oor om die geskiedenis te verhaal.

Op 26 Januarie 1978 het die appellant se ingenieurs Sennett en Wessels (hierna Wessels genoem) van Pretoria samesprekings wat gehou is met die Direkteur van Paaie van die appellant bevestig. Onder die aangeleenthede wat bevestig is was die aanstelling van Mnr R W Polzin (hierna Polzin genoem) as die resident-ingenieur wat vir Wessels op die terrein moes verteen-

woordig/.....

woordig en 'n ooreenkoms dat terrein-vergaderings

met die respondent een keer per maand gehou moes word.

Wat die opvullings betref, is die volgende gekonsta-

teer:

"Die kanthellings van die opvullings by die Visrivierbrug moet op 1 : 2 ontwerp word en die klippe vir die bestaande rotsbeskerming moet benut word op so 'n wyse dat die rotsbeskerming op nuwe kanthellings so hoog as moontlik kom."

Op 5 April 1978 het die terrein-verteenwoordiger

Paterson, die resident-ingenieur Polzin en ene mnr

Lawrence Williams, blykbaar ook 'n ingenieur, die be-

staande pad geinspekteer en onder andere gekyk na die

bestaande rotsbeskerming op die hellings van die Vis-

rivier-aanlope wat die ingenieurs gemeen het platter

gemaak moes word. Die ingenieurs was bekommerd oor

die/.....

die materiaal wat vir die bestaande opvulling gebruik was. Dit was 'n slikkerige ("silty") materiaal. Daar is toe besluit dat daar addisionele werk gedoen moet word.

Die kontrakteur moes die toe-bestaande rotsbeskerming op die seksie van die pad van 107 + 400 tot ongeveer 107 + 960 en weer van 108 + 320 tot 110 plus 220 aan beide kante van die pad verwyder en sekere opdragte is aan Paterson gegee wat in 'n geskrif (MM2) deur Polzin op 18 April 1978 bevestig is. Hierdie opdrag het die volgende ingesluit:

"I) Existing fill slopes either side of the Vis River to be flattened to a slope of 1,2 by using a better class of fill material and benching the new fill well into existing fill. Payment as per section 11-3.6.5.

II) Salvage stones at existing toes for future pitching works. No special payment."

Van/.....

Van belang vir doeleindes van hierdie saak is die opdrag in paragraaf II dat die klippe van bestaande tone vir toekomstige bestrating of klippakking bewaar moet word. Waar die helling van die pad met die natuurlike oppervlakte in aanraking kom, word daarna verwys as die toon van die helling. Gewoonlik bestaan die rotsbeskerming by die toon daarin dat daar by die hoek gevorm deur die helling en die grondoppervlakte 'n sloot gegrawe word wat dan met klippe gevul word sodat die helling goed kan vasstaan en die opvulmateriaal nie afwerk of afskuif nie. Die toon word dan bowendien met klippe beskerm. Aan hierdie opdrag is gevolg gegee en die klippe is in hope aan die onderpunt van die hellings gepak.

Op 25 April is daar 'n terrein-byeenkoms (SM 3)

gehou/.....

gehou waarby daar sekere sake bespreek is. Skriftelik is daarna in notule bevestig dat die kontrakteur die werk verbonde aan die herstel van die aanlope na die bestaande Visrivierbrug as addisionele en nie ekstra werk beskou nie. Daar is ook genotuleer dat "die rotsbeskerming moet weer teruggeplaas word op die sye van die voltooide opvulling. Filtermateriaal sal nie nodig wees nie." Filtermateriaal is 'n laag spesiale materiaal wat somtyds tussen die opvulmateriaal en die rotsbeskerming geplaas word om dreinerings te bevorder. Volgens die eiser se getuienis berus die plasing van filtermateriaal in die diskresie van die ingenieur. Die terugplasing van die rotsbeskerming, getuig Paterson, het nie dadelik geskied nie. Daar was 'n vertraging. Op 23 Mei 1978 word

daar/.....

daar in die terrein-notule aangeteken dat die werk aan die verbreding van die opvulling "km 110 tot km 105" bevredigend vorder.

Op 1 Augustus 1978 het Polzin skriftelik bevestig (MM 39) dat hy mondeling opdrag gegee het dat die opvulling tussen km 108,24 (d w s oos van die brug) tot 108,55 aan die linkerkant en 109,05 tot 109,26 ook aan die linkerkant wyer gemaak moes word soos daar oor die ander seksies gedoen is. Die seksie tussen-in, naamlik 108,55 tot 109,05 aan die linkerkant kon bly soos dit was onderworpe aan 'n finale besluit deur hoofkantoor d w s die kantoor van Wessels in Pretoria.

By 'n terreinsamespreking wat gehou is op 29 Augustus 1978 (SM 6) is daar onder andere die volgende opdrag gegee:

"7.7/.....

"7.7 Verbreiding van opvulling:

Voltooi suidekant van brug (km 108,2) tot by km 110.

Voltooi noordekant van km 108,6 tot by km 110.

Opvulling aan westekant van Visrivierbrug is beide kante voltooi. Noordekant vanaf brug (km 108,2) tot by km 108,6 is die opvulling wyd genoeg om fondamentlae van pad te neem en die bestaande rotsbeskerming is nog stabiel.

Hierdie seksie hoef nie herbou te word nie, maar die toon van die bestaande rotsbeskerming moet afgerond en beskerm word met groter klippe wat afkomstig is van groewe. Op die dele van die opvulling wat reeds wyer gemaak is moet die rotsbeskerming wat voor wyermaking verwyder is, weer teruggeplaas word teen die toon van die opvulling. By in- en uitlate van kleiner kasduikers moet klip-pakking gedoen word."

Hierdie paragraaf behels dus die suide- of

regterkant van die pad van die brug (108,2 tot by km 110)

en ook die noorde- of die linkerkant van die pad vanaf h

punt/.....

punt by 108,6 aan die ooste- of Mariental-kant van die pad tot naby die end van die pad (110) waar dit aansluit by die Mariental-Keetmanshoop-pad. Dit blyk verder daaruit dat op 'n gedeelte van ongeveer vier kilometer van die aanloop na die brug die opvulling wyd genoeg is en dat die bestaande "rotsbeskerming" nog stabiel is. Hierdie seksie sou nie herbou hoef te word nie maar die toon van die bestaande "rotsbeskerming" moes afgerond en beskerm word met groter klippe wat afkomstig is van groewe. Die betrokke leengroef was volgens die getuienis by km 105 d w s ongeveer 3 kilometer wes van die brug (na Maltahöhe se kant). Op die dele van die opvulling wat reeds wyer gemaak was, moes die "rotsbeskerming" wat voor wyermaking verwyder is, weer teruggeplaas word teen die toon van die opvulling. Die eiser se getuienis dui aan dat met hierdie/.....

hierdie opdrag daardie dele aan beide die linker- en regterkant van die pad oos van die brug (d w s in die rigting van Mariental) so ver as km 109 + 260 en weer beide linker- en regterkant van km 190 + 260 tot by

110 + 220. (d w s die hele ent pad oos van die brug tot by die Mariental-Keetmanshoop-kruising) betrek is. Hierdie opdrag het, volgens die eiser se getuienis, die vorige opdrag verander. Waar die vorige opdrag was dat die voorheen-bestaande rotsbeskerming op die hellings teruggeplaas moes word, was die opdrag nou om rotsbeskerming aan te bring aan die tone van die hellings nadat hulle wyer gemaak is.

Paterson beweer dat hy en Polzin op hierdie stadium begin argumenteer het. Sy standpunt was dat die eiser rotsbeskerming doen. Polzin het gemeen dit is/.....

is nie rotsbeskerming nie. Die tyd het aangebreek waar-
 op Paterson namens die eiser, wat geld nodig gehad het,
 'n periodieke betaling geëis het. Daar is toe tussen
 hom en Polzin ooreengekom dat die eiser, as 'n tydelike
 maatreël totdat die geskil later besleg sou word, be-
 taling sou eis vir die werk gedoen as onverdigte opvul-
 ling ingevolge item 11 van die hoeveelheidslys. Hierdie
 item moet saamgelees word met klousule 11 van die spesi-
 fikasies wat voorsiening maak vir die vorming van die
 padbodem. Sub voce "Omvang" in klousule 11.1.1 word dit
 onder andere bepaal:

"Hierdie afdeling dek alle werk in verband met
 die bou van deurgrawings en opvullings binne
 die padprisma insluitende syvore, aansluitings,
 die verwydering en weggooi van ongeskikte ma-
 teriaal; bou en verdigting van opvullings met
 gebruikmaking van gekeurde deurgrawingsmateriaal
 vanuit die padprisma of van leenmateriaal vanuit

goedgekeurde/.....

goedgekeurde leengroewe; verdigting van die padbodem; bou van sy-opvullings waar nodig, en die afwerking van deurgrawings en opvullings tot by die stadium waar die formasie gereed is vir die bou van die stutlaag en/of kroonlaag en skouers."

Daar word dus voorsiening gemaak vir die gebruik op ander plekke van materiaal wat op sekere plekke uitgegrawe of weggewerk word, onder andere vir opvullingdoeleindes, en vir die weggooi van oortollige materiaal wat nie benodig word nie. Gewoonlik, so dui eiser se getuienis aan, word die materiaal in groewe waar materiaal wat vir padboudoeleindes uitgegrawe word en dan 'n holte in die grond laat, weggegooi. Van hierdie weggooi-materiaal kan miskien later, in opdrag van die ingenieur, weer gebruik word vir ander doeleindes. Vir die verwydering en weggooi van die materiaal word die

kontrakteur/.....

kontrakteur betaal en ook vir die gebruik van sodanige materiaal nadat dit weggegooi is. Materiaal wat aangetref word by die uitgrawing van deurgrawings en syvore, en die uitgrawing van oortollige en/of ongeskikte materiaal word, volgens die aard daarvan, geklassifiseer as klas A of klas B materiaal. Klas A materiaal is individuele rotsblokke van 'n half kubieke meter ($\frac{1}{2} \text{ m}^3$) of meer. Alle ander materiaal word as klas B materiaal beskou. Klousule 11.3.5 van die spesifikasies bepaal dat die ingenieur mag gelas dat die oortollige materiaal vanuit uitgrawings gebruik word om opvullings wyer te maak of om hellings platter te maak. Die gebruik van weggooimateriaal vir die verbreding van opvullings of plattermaak van hellings gee nie die kontrakteur enige

reg/.....

reg vir ekstra betaling anders as vir onverdigte opvulling nie.

Dit is aan Paterson gestel dat Polzin se opdrag aan hom was om weggooi-rotse bo-op die bestaande rotsbeskerming te plaas om sodoende die helling platter te maak ("slope correction"). Paterson het ontken dat dit die opdrag was. Die opdrag, sê hy, was om rotsbeskerming te doen. Om egter betaling van die eis nie te vertraag nie, het hy voorlopig sy eis ingeklee ooreenkomstig item 11 van die hoeveelheidslys vir onverdigte opvulling. Maar selfs wat dié eis betref was daar 'n verskil van mening. Polzin se standpunt was dat die eiser dubbel eis.

Op 9 November 1978 skryf Polzin 'n brief aan

die/.....

die terrein-ingenieur van die respondent (Paterson)

nadat h sertifikaat vir betaling aangevra is.

"CERTIFICATE 8 - PAYMENTS FOR PROTECTION OF FILL
KM 108,2 to 110,2 AND KM 107,4 TO 107,92

We are not in agreement with your payment request for the stone protection work as carried out on above section. As per our letter MM2 you were instructed to salvage the existing stones on the above fill slopes for pitching. This was done. The request for pitching was changed to a dozer-pushed stone-toe-protection. This was done. Initially it was suggested that due to the change of construction the following payments should be made:

- A) For the removal of the stones from the slopes R1,60 per M³ under 11.a.
- B) For the pushing back of the stone R1,38 per M³ under 11-c(1). We considered this payment request not to be too unreasonable. Your latest payment request R1,60 and R1,38 for removal of stones and then once more R1,60 + R1,38 per M³ for the pushing back of the stones - we consider to be fairly

unreasonable./.....

unreasonable. We are not in the position to support this payment request and as a temporary settlement we will pay as laid down under A) and B) above."

Polzin bevestig dus dat die opdrag om klippe op die hellings te bewaar, gedoen is. Die opdrag om die klippe later te gebruik vir bestrating is verander tot 'n skrapper-gestote klipbeskerming van die toon van die helling ("dozer-pushed stone protection"). Dit, bevestig Polzin, is gedoen. Die getuienis van die eiser is dat, afgesien van die bewoording wat daar gebruik is naamlik "protection of fill" (my onderstreping) in die opskrif, "stone protection work" en "dozer-pushed stone protection" in die eerste paragraaf, was die werk self rotsbeskerming soos gespesifiseer in klousule 20 van die spesifikasies. Wat die swaar gestorte rotsbeskerming betref, het die

rotse/.....

rotse wat gebruik is beantwoord aan die vereiste gestel in die spesifikasies want die rotse was groter as 180 kilogram soos vereis deur klousule 20.3.1, getuig Harris (na wie hierna verwys word) namens die eiser. Wat die ligte gestorte rotsbeskerming betref, is dit toegegee dat die materiaal in die algemeen nie voldoen het aan die vereiste gestel nie, naamlik, swaarder as 25 kilogram, maar die eiser se standpunt is dat dit nie saak maak nie want dieselfde materiaal wat voorheen vir rotsbeskermingsdoeleindes gebruik is, is ingevolge die opdrag van die ingenieur verwyder en weer gebruik as rotsbeskerming.

Die ligte gestorte rotsbeskerming is volgens eiser se getuies gedurende Oktober 1978 voltooi. Dit was met 'n stootskrapeer oopgesprei. Die swaar gestorte rotsbeskerming/.....

beskerming is voltooi in November 1978. Wat Polzin se brief MM77 van 9 November 1978, betref, het Paterson getuig dat hy nie saamstem nie met die sinsnede: "Initially it was suggested that due to the change of construction the following payments were made", as dit vertolk sou word dat hy ingestem het om betaling te aanvaar asof die werk onverdigte vulling was ingevolge item 11(a) en 11(c)(i) van die hoeveelheidslys. Hy beweer dat hy deurgaans die standpunt teenoor Polzin gehuldig het dat dit rotsbeskerming is, maar as 'n tydelike maatreeël het hy, vanweë Polzin se standpunt, betaling geëis en aanvaar kragtens item 11(a) en 11(c)(i) van die hoeveelheidslys.

Tydens November 1978 het 'n senior bourekenaar, ene Fagan, van Kaapstad gekom om vir Paterson te help

met/.....

met die opmeting van die werk wat gedoen is. Paterson en Fagan het met Polzin die klipwerk bespreek en die standpunt gestel dat wat gedoen is rotsbeskerming is. Polzin het geweier om vir die werk as rotsbeskerming te betaal en aan hulle gesê dat hulle die saak moes opneem met Wessels by hoofkantoor.

In Desember 1978 het Harris (na wie voorheen verwys is), 'n gekwalifiseerde ingenieur, op die terrein aangekom. Hy het destyds 'n belang gehad in die eiser wat deur sy vader gestig is, maar wat sedertdien verkoop is. Hy is gestuur om vir Paterson te help en veral om die dokumentasie en skryfwerk op te knap. Hy het 'n antwoord op MM77 van 9 November 1978 opgestel. Die antwoord is gedateer 31 Januarie 1979 en is geteken deur Paterson. In die antwoord verwys hy onder andere/.....

onder andere na MM2 van 18 April 1978 en MM77 van

9 November 1978 asook na notules van terreinbyeenkomste

en vervolg:

"... we are entitled to payment for this operation as follows:

- 1) For the removal of and the stockpiling of the existing Rock Protection material as included in your letter Ref. MM2, payment is to be made under item 11a, uncompacted fill.
- 2) For replacing $8432,6\text{m}^3$ of stockpiled existing rock protection material as instructed by item 13,9 of the minutes of site meeting No. 3, payment is to be made under item 20.f.(vi)a. Light dumped rock protection.
- 39 For the addition of rock protection material to the existing rock protection as instructed by item 7.7 of the minutes of site meeting No. 6, payment is to be made for $3681,0\text{m}^3$ under item 20 f.(vi)b, Heavy dumped rock protection."

Die volgende antwoord (MM101) daarop gedateer

8 Februarie 1979/...

8 Februarie 1979 word van Polzin ontvang:

"With each month that has been passing the stone work on above section shows inflatory increases in payment requests put forward by your office. We do not agree to the payment requests as set out under Sections 1) + 2) and 3) in your letter.

A. Discussions regarding the widening of the above fill and the pushing back of stones go back as far as 28-29/8/78. On those two days the fill widening over above sections was discussed between your Mr. Walker and our Mr. Wessels after some detailed checks carried out on the section between km 108,2 to 109,2 it was established that the formation was wide enough, only the slopes on the LHS were steeper than 1 : 2. It was a proposal by your Mr. Walker that the fill on this section did not require widening, instead the slopes should be corrected and flattened by tipping rock waste along the toe line. This proposal was accepted. Class B material could not be used because it could not be properly compacted.

We wish to clarify this point very strongly
- the rock waste tipped was not to be "rock

protection"/.....

protection" (even so this description is been used several times) but slope correction. All material used along the LHS toe between km 108,2 to 109,2 is rock waste which does not meet the specifications section 20 - 3.1 for rock protection material. The payments we have made up to date under the items 11(a) and 11-c(i) for uncompacted rock spoil are therefore correct in terms of the work carried out and requested.

- B. The stones pushed back on the widened fill between km 108,2 - 110,2 RHS and 109,2 to 110,2 LHS and 107,4 - 107,9 LHS & RHS was discussed several times. On 10/8/78 we carried out some checks on the slopes of the above fill. It was established that the slopes were flatter than 1 : 2 i.e. between 1 : 2 to 1 : 3.

It was agreed on 29/8/78 that due to the flatter slope pitching was no longer required and a more economical and money saving method would be to push back the stones. Considering this aspect we did agree to "pushing the stones back" on the slopes rather than pitching. First requests by your site engineer Mr. Paterson suggested payments as set out in our letter MM 77. We considered this to be fair and have paid you for this work accordingly.

We/.....

We have also paid you for the increase in fill due to the latter slopes - from 1 : 2 to 1 : 25 - as otherwise on the steeper 1 : 2 slope pitching would have become necessary.

We have inspected the stones and established that the larger amount if not more than 70% of the stones weigh less than the specification lay down in section 20-3.1. We are therefore unable to agree to your payment request. Further correspondence in this connection should be forwarded to our Pretoria office."

Dit is korrek, getuig Paterson, toe die inhoud van hierdie brief aan hom gestel is, dat die wye-making van die opvulling en die terugplasing van klippe bespreek is op die twee dae 28 en 29 Augustus 1978. By daardie geleentheid, sê hy, het hy en die eiser se kontrakbestuurder Walker die eiser verteenwoordig. Van die verweerder se kant was daar twee here/.....

here Diercks en De Klerk en die verweerder se twee in-

genieurs Wessels en Polzin teenwoordig. Hy ontken

egter dat Walker voorgestel het dat die hellings platter

gemaak moes word deur rots-weggooi materiaal langs die

toonlyn te plaas. Wat besluit is, sê hy, was dat die

hellings stabiel genoeg was maar die toon van die hellings

beskerm moes word. Hy het terugverwys na die notule SM6

gedateer 29 Augustus 1978 waarna hierbo verwys is - die

relevante gedeelte waarom ek hier herhaal. Dié notule,

sê hy, is deur Wessels opgestel en die betrokke gedeelte

lui:

"... opvulling wyd genoeg om fondamentlae van pad te neem en die bestaande rotsbeskerming is nog stabiel. Hierdie seksie hoef nie herbou te word nie maar die toon van die bestaande rotsbeskerming moet afgerond en beskerm word met groter klippe wat afkomstig is van groewe. Op die dele van die opvulling wat

reeds/.....

reeds wyer gemaak is moet die rotsbeskerming wat voor wyermaking verwyder is, weer teruggeplaas word teen die toon van die opvulling."

Daar is geen voorstel deur Walker gemaak nie, beweer hy. Die aangeleentheid is bespreek en daar is so besluit soos wat genotuleer is. Wat gedoen is, was geen helling-korreksie nie. Hulle is opdrag gegee om groot rotse in die leengroewe wat weggegooi is ("spoiled"), te soek en dit teen die toon te stort. Niemand het by geleentheid van daardie terrein-inspeksie beweer dat werk wat hulle opgedra is om te doen, nie rotsbeskerming is nie. Wat wel bespreek is, sê hy, is dat dit 'n makliker manier sou wees om die klippe met 'n skraaper teen die helling te plaas as om hulle te straat. Paterson ontken ook dat hy aan die hand gedoen het dat betaling geskied

soos/.....

soos uiteengesit in Polzin se brief MM77 van 9 September 1978. Hy het, soos hy reeds getuig het, betaling op daardie basis as 'n tydelike maatreël geëis omdat die eiser geld nodig gehad het en sodat die betaling nie as gevolg van 'n dispuut verdraag sou word nie. Paterson het terugverwys na 'n brief van Polzin gedateer 1 Augustus 1978 (MM39) waarin hy geskryf het:

"The section 108,55 to 109,05 LHS may be left as it is at present depending on final decision by head office."

Die finale besluit is toe geneem, sê Paterson, tydens die gemelde samespreking op 28 en 29 Augustus 1978. Dit is die seksie, getuig hy, waarop die swaar rotse gestort is.

Na aanleiding van Polzin se standpunt in die laaste sin van MM101 het die sekretaris van die eiser

aan/.....

aan Wessels in Pretoria soos volg op 23 Maart 1979 geskryf:

"ROCK PROTECTION TO PARTIALLY COMPLETED SECTION,
km 108,2 to km 110,2 and km 107,4 to km 107,9

Further to your letters Ref. MM2 of the 18th April 1978 and MM77 of the 9th November 1978, as well as the minutes of site meeting no 3 of the 25th April 1978 item 13.9 and site meeting no 6 of the 1st September 1978 item 7.7 in terms of the Specification, we are entitled to payment for this operation as follows:

- 1) For the removal of and the stockpiling of the existing Rock Protection material as instructed in your letter ref. MM2, payment is to be made under item 11a, uncompacted fill.
- 2) For replacing 8439.6 M^3 of stockpiled existing Rock Protection material as instructed by item 13.9 of the minutes of site meeting no 3, payment is to be made under item 20.f.(vi)a, light dumped rock protection.
- 3) For the addition of Rock Protection material to the existing Rock Protection as instructed by item 7.7 of the minutes of site meeting No. 6, payment is to be made for 3681.0 m^3 under item 20.f (vi)b, heavy dumped/.....

ped rock protection."

In antwoord het die eiser die volgende brief

gedateer 5 April 1979 van Wessels ontvang:

"KONTRAK 320/77, MARIENTAL - MALTAHÖHE : VER-
BREIDING VAN OPVULLING km 108,2 TOT 110,2 EN
km 107,4 TOT 107,9

Ons verwys na u brief HW/CM van 23 Maart 1979. Nadat die kontrak aan u toegeken was, is u gevra om die brugaanlope van die Visrivier te verbreed. Die verbreding het tot gevolg gehad dat rotswerk wat teen die sye van die bestaande opvulling was, eers verwyder moes word en nadat die verbreding voltooi is, weer teruggeplaas moes word. Tydens inspeksies op die terrein is ooreengekom met u dat die rots slegs teruggestoot sou word met 'n stootskraper, aangesien die rots andersins verlore sou gaan en mee weggedoen sou word. Die idee was nooit om "klipbestrating" of "rotsbeskerming" soos omskryf in Afd. 20, klousules 2 en 3, aan te bring nie en u is ook nooit gevra om die werk volgens die voorskrifte van hierdie klousules uit te voer nie. Aangesien u gevra was om die klip wat teen die sye van die opvulling bestaan het, af te skraap na voorraadhope en later weer terug te plaas deur dit bloot met 'n stootskraper op te stoot, kan ons nie saamstem dat hierdie werk wat u gedoen het, rotsbeskerming/.....

skerming is waarvoor betaal moet word onder items 20.f (vi)(a) en 20.f (vi)(b) nie. Die feit dat die woord 'rotsbeskerming' gebruik is in die notules van 25 April 1978 en 1 September 1978, moet nie vertolk word as 'n weergawe van die werk wat u gedoen het en waarvoor u betaling eis nie, en moet bloot beskou word as terminologie wat streng gesproke nie korrek gebruik is nie. Woorde soos 'rotswerk', 'klipwerk', 'rotsopvulling', 'massaklipwerk', 'rotsbekleding' ens. sou byvoorbeeld dieselfde bedoeling hê by die notulering van die samesprekings. Die werk wat in werklikheid gedoen was, is slegs vergelykbaar met die werk verbonde aan onverdigte opvulling van klas B materiaal, aangesien die klippe wat op die sye van die opvulling bestaan het, nie soliede rots was nie en bestaan het uit rotspartikels wat deurgaans kleiner is as $0,5\text{m}^3$ (Sien Afd. 11, klousule 2.2(a) van die Spesifikasies).

'n Ander moontlikheid sou wees om die werk in sy geheel te beskou as massaklipwerk soos beskryf in klousule 6 van Afdeling 20, in welke geval daar geen tarief in die hoeveelheidslys bestaan nie en u dus 'n tarief vir ekstra werk sou moes voorlê.

Die Resident Ingenieur het in sy brief MM77, van 1978-11-09 u oorspronklike versoek van betaling van $\text{R}1-60/\text{m}^3$ vir die verwydering van ophoping van

die/.....

die bestaande klipwerk onder item 11(a) plus
 'n tarief van R1-38/m³ onder item 11(c) as rede-
 lik aanvaar. Daarna het u gevra dat daar betaal
 word vir die verwydering van die klip @ R1-60
 onder item 11-(a) plus R1-38 onder item 11-(c)
 en dat dieselfde tariewe weer betaal word vir die
 terugstoot van die materiaal.

In lig van bogaande is ons bereid om betaling van
 die werk teen die volgende tariewe te magtig:

- 1) Vir die verwydering en ophoping van die be-
 staande klipwerk teen die tarief vir onver-
 digte opvulling in item 11 (a) naamlik R1-60/m³.
- 2) Vir die terugstoot van die opgehoopde materiaal
 en die byvoeging van addisionele materiaal teen
 die toon en sye van die opvulling teen die ta-
 rief van onverdigte opvulling in item 11 (a)
 naamlik R1-60/m³.
- 3) 'n Ekstra oor betaling teen die tarief van R1-38/m³
 vir klas A materiaal soos in item 11-c(1) slegs
 waar rotsstukke groter as 0,5m³ voorsien en op-
 gestoot is.

As alternatief, indien hierdie tariewe nie aanvaar-
 baar is nie, is ons bereid om betaling volgens klou-
 sules 55(b) en (c) van die Algemene Voorwaardes
 te oorweeg, in welke geval u onmiddellik die nodige
 state en opgawes wat vereis word in klousule 55(c),

moet/.....

moet voorlê.

Die werk wat reeds gedoen is en waarvoor u aanspraak maak op betaling as rotsbeskerming kragtens Afdeling 20 van die Spesifikasies, voldoen hoegenaamd nie aan enige vereistes van die betrokke spesifikasies nie en u aanspraak op betaling teen items 20.f (vi)(a) en 20.f (vi)(b) soos uiteengesit in punte (2) en (3) van u brief, kan dus nie aanvaar word nie. Betaling sal dus slegs geskied teen die tariewe soos hierbo uiteengesit as volle vergoeding vir die werk wat u versoek was om te doen en wat u wel gedoen het."

Die rotswerk wat verwyder moes word waarvan

Wessels melding maak in die eerste paragraaf was rots-

beskerming gewees. Die terugplasing kon dus ook niks

anders/.....

anders wees as rotsbeskermingswerk wat op die ver-
brede opvulling aangebring moes word nie. Die oor-
spronklike opdrag dat dit by wyse van klipbestrating
teruggeplaas moes word, is 'n bevestiging daarvan dat
dit rotsbeskermingswerk was. Dit blyk vir die eerste
keer uit Polzin se brief MM101 van 8 Februarie 1979
dat op die verandering na terugstoot met 'n stootskrapeer
besluit is omdat rotsbeskerming nie meer nodig was op
daardie seksies nie. Daar is niks in die terrein-
notules en korrespondensie wat 'n afleiding regverdig
dat die klippe teruggeplaas moes word bloot om die op-
gehoopte klippe uit die weg te kry nie. Daar is ook

nooit/.....

nooit spesifiek skriftelik aangedui dat toe die eiser opdrag gegee is om die klippe met 'n stootskraaper op te stoot in plaas van klipbestrating te doen, die doel van die werk verander het van rotsbeskerming na iets anders nie. Dat hierdie sienswyse ook deurgaans die standpunt van die eiser was, blyk uit 'n brief gedateer 21 April 1979 wat die eiser se sekretaris aan Wessels geskryf het in antwoord op laasgenoemde se brief van 5 April 1979. Die brief lui:

"CONTRACT 320/77 : MARIENTAL - MALTAHÖHE : ROCK PROTECTION TO PARTIALLY COMPLETED SECTION KM 108,2 TO KM 110,2 AND KM 107,4 TO KM 107,9

Further to your letter Ref. SW/1/P(K) Vol. 1, of 5th April, 1979, we cannot accept your attempt to pay at a reduced rate for work instructed and performed as defined by a section of the Specification by theoretically fragmenting the work into other non-relevant sections of the Specification.

Furthermore, for it now to be maintained that it was not the idea or intention for rock protection work

as/.....

as detailed in Section 20 to be undertaken, is both incorrect and unacceptable. The same applies to the attempt of hiding behind a cloak of semantics by stating that the use of certain other descriptions would have had the same meaning.

It is obvious that the intention was for the existing rock protection to be replaced as rock protection as defined under Section 20 of the Specification, after the flattening of the fill batters had been completed.

The fills in question were constructed by the South West African Administration with light dumped rock protection placed at the toe of the fill.

Your minutes of Meeting No.3 on the 25th April, 1978, Item 13.9 and Meeting No. 6 on the 29th August, 1978 Item 7.7, clearly confirm this.

In Site letter MM2 of the 18th April, 1978, we were instructed to remove and stockpile the existing rock protection material that had been provided by the S.W.A. Administration at the toe of the fills, for future use and, to flatten the fill batters with a better class of fill material.

At Meeting No. 3 on the 25th April, 1978, as recorded under Item 13.9, we were instructed to replace the existing rock protection material at the

toe/.....

toe of the fills after the flattening of the batters had been completed. Furthermore, we were informed that filter material would not be required. This instruction is strictly in accordance with Section 20.3.7 "Dumped Rock Protection", and is confirmed in the Minutes of Meeting No. 6 on the 29th August, 1978 under Item 7.7.

Site letter MM77 confirms that:

- a) Rock protection work was carried out by us.
- b) The recovery and stockpiling of the existing rock protection material was carried out by us.
- c) The replacement of the existing rock protection material was instructed by you and carried out by us in accordance with the method as detailed under Section 20.3.7. of the Specification.

At meeting No. 6 on the 29th August, 1978, we were instructed to protect the existing light rock protection over the length of a certain section of the fill with heavy rock protection. This was done.

We therefore require immediate payment to be made for this work under the pertinent sections of the

Specification/.....

Specification as detailed in our letter of the
23rd March, 1979."

Daarna, op 21 en 22 Mei 1979, is daar 'n same-
spreking gehou waarop verskeie van die eiser se eise, wat
in geskil was, bespreek is. Teenwoordig was onder andere
sekere verteenwoordigers van die verweerders, Ilse, Harris
en Walker wat die eiser verteenwoordig het en Wessels en
Polzin, die verweerder se ingenieurs. 'n Opsomming van
die samespreking is aan die eiser verstrekk in 'n brief
van Wessels gedateer 30 Mei 1979. Wat die eis vir rots-
beskerming betref, verskyn die volgende in die brief:

"ROTSBESKERMING

Die Kontrakteur grond sy eis daarop dat die meting
gedoen is, dat daar 'n tarief is en eis dienoor-
eenkomstig betaling. Punte wat in vorige korres-
pondensie aangehaal is word weer bespreek.

Die Kontrakteur eis vergoeding vir gestorte rots-
beskerming soos beskrywe in klousule 20/3.7, en
verklaar/.....

verklaar dat dit gedoen is in ooreenstemming met notules van terreinvergaderings.

Die Raadgewende Ingenieur wys daarop dat dit oorspronklik wel die bedoeling was dat die klip teruggeplaas moes word soos wat dit was maar dat die instruksies op terrein verander is ná die genoemde terreinvergaderings en voordat die werk uitgevoer is. Op terrein is by daardie geleentheid met die Kontrakteur ooreengekom dat rotsbeskerming nie meer nodig sou wees nie as gevolg van die platter kanthellings van die opvulling en dat die opgehoopte klip bloot teen die toon van die opvulling teruggestoot moet word om te voorkom dat die klip vermors word. Dit is dan ook soos die werk uitgevoer is. Die betaling vir hierdie werk is soos oorspronklik ooreengekom tussen die Resident Ingenieur en die Terreinagent en word nog steeds beskou as billik en redelik.

Die Resident Ingenieur wys daarop dat die groter rotsblokke wat van elders ingebring is, nie uit leengroewe gehaal is nie maar dat hy met die Voorman gereël het dat materiaal wat rondgelê het en buitendien verwyder moes word, teen die toon van die opvulling afgelaai sou word.

Die Kontrakteur stem nie saam nie en hou vol dat hy geregtig is op betaling vir gestorte rotsbeskerming. Die Direkteur voel dat die Kontrakteur vergoed/.....

vergoed behoort te word vir werk wat hy werklik gedoen het.

Besluit: Die Ingenieur en die Kontrakteur moet die aangeleentheid weer op die terrein bespreek en afhandel. 'n Finale uitwysing word dus nie nou gegee nie."

Wat opmerklik is, is dat Paterson, aan wie die opdragte gegee is en met wie die beweerde ooreenkoms aangegaan is, nie teenwoordig was nie. Uit die aard van die saak sou Harris en Walker weet wat tussen Polzin en Paterson ooreengekom is en sou eersgenoemde twee here, neem ek aan, die standpunt gestel het wat deur Paterson aan hulle oorgedra is. Dit was egter 'n belangrike geskilpunt of dit ooreengekom is tussen Polzin en Paterson dat rotsbeskerming nie meer nodig sou wees vanweë die

platter/.....

platter kanthelling nie, dat die opgehoopte klip

bloot teen die toon van die opvulling teruggestoot

moes word om te voorkom dat die klip vermors word en

dat op betaling vir die werk ooreengekom is deur Pa-

terson en Polzin. Paterson se getuienis, soos ek hier-

bo daarop gewys het, was dat so 'n ooreenkoms nooit

tussen hom en Polzin aangegaan is nie. Die verweerder

het geen getuienis tot die teendeel gelei nie. Wat

die inbring van die groter rotsblokke betref, het

Paterson getuig dat die oorgrote meerderheid verkry is

uit 'n leengroef by ongeveer 105 km, dit is in die sek-

sie wes van die brug in die rigting van Maltahöhe.

Daar was verdere samesprekings onder andere

in Wessels se kantoor op 10 Julie 1979 tussen Ilse en

Harris/.....

Harris wat die eiser verteenwoordig het en Loedolff en Wessels van Wessels se firma. Wat rotsbeskerming betref, herhaal Loedolff namens Wessels in 'n brief gedateer 12 Julie 1979, die vorige weergawe van wat daar gebeur het tussen Polzin en Harris, soos volg:

"ROCK PROTECTION (Widening of Fish River bridge approaches)

We reiterate that it had been decided on site at the time of construction to merely push back the rock removed from the existing fill in order to save time, effort and cost and that in the spirit of that decision it was agreed that the contractor will be compensated for the work actually carried out (e.g. under rates for uncompacted fill etc. originally agreed to between the Resident Engineer and Site Agent). It was only afterwards that a claim was submitted for payment under another item of the Schedule of Quantities. The matter will again be discussed between Messrs. Harris and Wessels at the next site meeting."

Op/.....

Op 7 Augustus 1979 het Wessels in 'n brief aan die eiser na samesprekings wat gehou is by Wessels se kantoor tussen Harris en Paterson wat die eiser verteenwoordig het en Wessels, Loedolff en Polzin van Wessels se firma verwys. In paragraaf 3 van die brief is daar so "Verbreding van Visrivieraanlope : Rotswerk" soos volg geskryf:

"Die aangeleentheid is tevore by verskeie geleenthede bespreek en dit dien geen nut om al die argumente weer te herhaal nie. Die Raadgewende Ingenieur bepaal dat betaling soos volg sal geskied-

- a) Afstoot van die bestaande klipbestrating teen $R1-60/m^3$ (Item 11(a) in die Hoeveelheidslys).
- b) Terugstoot van die betrokke materiaal teen $R1-60/m^3$. (Item 11(a) in die Hoeveelheidslys)
- c) Leen van groter rotsblokke teen $R1-60/m^3$. (Item 11(a)) plus bykomende trek indien van toepassing plus $R1-38m^3$ (Item 11 (c)

in/.....

in die Hoeveelheidslys).

Oor die hoeveelhede wat betrokke is, is reeds ooreengekom.

U neem kennis van die beslissing.

Die beslissing van die Ingenieur word bevestig deur die Direkteur en dit word dus beskou as die finale besluit."

Na verstryking van 'n periode waarin dit van die eiser verlang is om sekere uitstaande werk te voltooi, het die Sekretaris van Vervoer namens die verweerder onder dekking van die volgende brief, gedateer 11 November 1986, 'n finale sertifikaat van aanvaarding van die werk en bevredigende uitvoering van die kontrak, uitgereik:

"CONTRACT 320/77 : MR 34 MARIENTAL - MALTAHÖHE
MAINTENANCE CERTIFICATE

A final inspection of the above contract was held on 21 May 1982 and was attended by your Mr. Blo-

merus/.....

merus together with Messrs. Wessels and Wieffering from Sennett & Wessels and Messrs. Detering and Poolman from this department.

The work is accepted as being satisfactorily completed and maintained and in terms of clauses 53 and 62 of the General Conditions of Contract the maintenance certificate may now be released and is attached hereto.

In terms of clause 17 of the General Conditions the surety bond may now be released and is attached.

The retention money has already been approved for payment according to clause 61."

Dus, hoewel die geskil ten aansien van betaling bly bestaan het, is die werk wat gedoen is goedgekeur en aanvaar.

Soos ek reeds daarop gewys het, het verweerder geen getuienis aangevoer nie. Herhaaldelik is daar, in die loop van kruisondervraging deur verweerder se advokaat, aan Paterson gestel dat hy Polzin as getuie gaan oproep

om/.....

om die getuienis van Paterson teen te spreek dat laas-
genoemde deurgaans die standpunt gehandhaaf het dat
wat eiser doen rotsbeskerming is en dat hy alleen as
n tydelike maatreël bereid was om betaling vir die werk
as onverdigte opvulling te aanvaar. Verder is dit in
kruisondervraging voorgehou dat Polzin sou getuig, eer-
stens, dat die opdrag om die ligte klippe te bewaar om
later bestrating (wat rotsbeskerming is) daarmee te
doen, verander is omdat rotsbeskerming nie meer nodig
geag is nie en die terugstoot slegs gedoen is om ontslae
te raak van die opgehoopte klippe en om die verweerder
geld te bespaar; tweedens, dat die toon van die hellings
met klippe bedek is om helling-korreksie ("slope correc-
tion") te doen en nie om rotsbeskerming te doen nie.
Behalwe vae sinspelings in die korrespondensie wat be-
staanbaar/.....

staanbaar is met die saak van die verweerder op die geskilpunt of Paterson wel met Polzin ooreengekom het dat betaling volgens klousule 11 van die spesifikasies sou geskied, of nie, is daar niks in enige skriftelike stuk wat opgestel is ten tyde van die beweerde ooreenkoms wat dit onomwonde bevestig nie. Polzin se getuienis is nie ter bevestiging aangebied nie. Wat die ander geskilpunte betref, is daar geen getuienis van die verweerder se kant nie. Daar is ook niks in die vroeëre korrespondensie en geskrifte, soos terrein-notules en briewe, wat as bevestiging dien nie. Soos blyk uit die geskrewe stukke waarna ek hierbo verwys het, is die bewerings eers op 'n laat stadium gemaak en wek dit die indruk van 'n uitvlug waaraan later eers gedink is.

Soos ek hierbo aangedui het toe ek na die bewerings

in/.....

in die pleitstukke verwys het, het die verweerder spesifiek ontken dat eiser enige rotsbeskerming soos gedefinieer in klousules 2 en 3 van afdeling 20 van die spesifikasies gedoen het. Daar is onder andere gepleit dat die kritieke individuele klipmassa nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie. Soos blyk uit spesifikasie 20.3.1 waarna in die eiser se besonderhede van eis verwys word en wat hierbo aangehaal word, moet die klippe wat gebruik word vir ligte gestorte rotsbeskerming ten minste 25 kg elk weeg en is die vereiste vir swaar gestorte rotsbeskerming 180 kg. Volgens die eiser se getuienis het die swaar gestorte rotsbeskerming wel aan die vereiste voldoen. Wat die ligte rotsbeskerming betref, was die opdrag van die ingenieur om dieselfde

klippe/.....

klippe te gebruik wat voorheen as rotsbeskerming gedien het en dit is gedoen. Ten aansien van die vereiste van minimumlugtussenruimtes, het Harris toegegee dat daar areas mag wees wat nie daaraan voldoen nie maar hy beweer dat dit moeilik is om die plaaslike ongelikhede onder 300 mm te handhaaf omdat die rotse wat volgens die opdrag van Polzin gebruik moes word tot 'n half kubieke meter groot en soms groter was. Harris en Paterson het getuig dat die werk wat hulle gedoen het, aanvaar is en dat hulle daarom geregtig is op betaling vir rotsbeskermingswerk wat hulle gedoen het.

Die verweerder het in die Hof a quo, soos ook in hierdie Hof, egter betoog dat wat uiteindelik aanvaar is, is, juis vanweë die nie-nakoming van die vereistes/....

eistes/....

eistes van afdeling 20 van die spesifikasies, nie rotsbeskerming nie. Die betoog is dat Wessels dit nooit as rotsbeskerming beskou het nie en die werk ook nie as rotsbeskermingswerk aanvaar en goedgekeur het nie.

Alhoewel die ingenieurs van die verweerder nie die werk as rotsbeskermingswerk geag het nie - Polzin, wat betaling betref, van die begin (hoewel hy opdrag gegee het dat die eiser rotsbeskermingswerk moes doen) en Wessels later - is die werk later goedgekeur. Die goedkeuring het geskied, nie op die basis dat iets anders as wat opgedra is, gedoen is nie, maar juis op die basis dat wat opgedra is bevredigend afgehandel is.

Ek kan nie saamstem met die betoog dat, omdat die werk van die verweerder nie stiptelik voldoen aan

die/.....

die presiese voorskrifte van die spesifikasies, die eiser se eis daarom nie kan slaag nie. Die spesifikasies is een van die kontraksdokumente tussen die partye. Soos blyk uit die aanhef "algemeen" is die bedoeling van die partye met klipbeskermingwerke om uitkalwing en erosie van, onder andere, padopvullings te voorkom. Dit is wat die eiser beweer gedoen is. Daar is talle bepalinge in die kontrakdokumente waarin dit duidelik gemaak word dat die betrokke ingenieur kan afwyk van die rigiede vereistes van die spesifikasies. Dit is wat Polzin, volgens die eiser se getuies, gedoen het. Dit is ook wat die eiser in sy replikasie gepleit het. Hy het, na my oordeel, nie 'n ander saak gestel in sy replikasie nie. Ek kan die verweerder nie gelyk gee,

soos/.....

soos betoog is, dat die eiser 'n "baster-estoppel" gepleit het in sy replikasie nie.

'n Deskundige op die gebied van ingenieurskontrakte, professor Hugo, het getuig, nie alleen dat rotsbeskerming, ("rock protection", woorde wat oorvloedig deur Polzin gebruik is) in ingenieurskontrakte 'n tegniese betekenis het nie, maar ook dat die werk wat werklik gedoen is rotsbeskerming is. Professor Hugo het, wat die gehalte van die werk, wat hy self besigtig het, betref, sekere kritiek gehad, maar soos hy tereg getuig het, was die verweerder se regsmiddel om, voordat die werk finaal goedgekeur is, te eis dat die werk behoorlik gedoen word. Ondanks die gebreke is die werk egter goedgekeur.

Die/.....

Die appèl word gevolglik afgewys, met koste,
wat insluit die koste van twee advokate. Die advokate
het ooreengekom dat die koste van die teenappèl koste
in die appèl sal wees.


APPÈLREGTER

HOEXTER,	AR)	
SMALBERGER,	AR)	
STEYN,	AR)	- stem saam
KUMLEBEN,	WAR)	